



PETRUSBURG NUUS


Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
23 Januarie 2021

Vanoggend

Tema: Om soos Christus lief te hê

Skrifgedeelte: Johannes 15:9-17

Uit Jesus se woorde is dit duidelik dat LIEFDE die vrugte is wat ons moet dra as lote van die ware Wingerdstok. In hierdie paar verse kom die begrip liefhê altesaam 9 keer voor, sodat 'n mens dit net nie kan mislees nie, en boonop word die opdrag dat ons moet liefhê, 5 keer gegee. Maar dan is dit nie sommer gewone liefde nie; dit is liefde soos die Here Jesus vir sy dissipels het, liefde soos die Vader vir die Here Jesus het (vgl verse 9 en 12).



Ons Program

Vandag 23 Januarie

- **Informele Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom met die Rauch-musiek-groep olv John John van Niekerk. Voorafsang vanaf 09:15.
- **Sondagskool en kategeese** begin weer
- **Deuroffer:** Kategeese Bydrae
- **Verversings:** Modderrivier wyk, baie dankie vir vandag se verversings. Almal is welkom om iets te drink en te ete te kom geniet na die erediens.
- **Ons Woning Erediens** om 11:00 olv ds Jaco Thom en Elmien as orrelis

Woensdag 26 Januarie

- **Vrouebediening** Bestuursvergadering om 10:00 in die kerksaal

Sondag 30 Januarie

- **Erediens** om 9:30 en **Ons Woning** om 11:00 olv ds. Jaco Thom en Elmien
- **Sondagskool en kategeese**
- **Deuroffer:** Vennootskappe: NGKA Vrystaat
- **Verversings:** Wyk 4

Dinsdag 1 Februarie

- **Normaalklas** om 18:00 in die konsistorie

Ons Bybellees-program

- Ons het pas afgesluit met die boek Matteus, en begin vandag met hoofstuk 1 van die boek **Rigters**. Dit is die verhaal van die uiters onstuimige (en dikwels ontstellende) tyd in Israel toe elkeen gedoen het wat reg was in sy eie oë.
- As jy daaglik die kort oordenking wat ds Jaco oor die betrokke hoofstuk uitstuur, per WhatsApp wil ontvang, kontak hom of Elmien gerus.



Só glo ons

Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 65: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê.
Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Januarie

- 26 Sonia Jacobs
- 27 Marian Bredenhann; Rolin Odendal
- 28 Henco Strydom
- 29 Danie Venter

Huweliksherdenking

Januarie

- 26 Jorrie & Maryna Jordaan (48J)



Voorbidding

- Hannes Nieuwoudt is vandeeweek oorlede. Ons dink aan sy dierbares.
- Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal.
- Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- Freda Venter – Herstel ná 'n groot operasie Vrydag.

Tweedehandse laerskoolklere (Jacobsdal)

Die diakonie vra vir enige tweedehandse laerskoolklere (Jacobsdal) wat gemeentelede by die huis het wat hulle kan skenk vir herverspreiding. Klere kan Sondag in die voorportaal gelos word of by die kerkkantoor afgegee word.

Vrouebediening

Bestuur 2022

Voorsitter: Mev. Elmi Thom (+27 84 562 3434)

Onder-Voorsitter: Mev. Machteld Kotzè (+27 83 444 0246)

Sekretaresse: Mev. Retha Nel (+27 82 466 7886) (vanaf tweede kwartaal)

Eerste kwartaal mev. Thom

Kerkraadsvertegenwoordiger: Mev. Daleen Krige (+27 83 388 1184)

Die **kwartaalindeling** is soos volg:

Eerste kwartaal – Mev. Sorina Stander (Wyke 2, 5 en Modderivier) (+27 72 249 3528)

Tweede kwartaal – Mev. Amanda vd Westhuizen (Wyke 4 en Emmaus) (+27 82 381 7062)

Derde kwartaal – Mev. Bokkie Hartzler ((Wyke 3 en Leeukuil) (+27 72 360 9120)

Vierde kwartaal – Mev. Machteld Kotzè (Wyke 1, 6 en Swartkoppies) (+27 83 444 0246)

Kwartaal 1: Ragab-groep (Wyke 2, 5 & Modderivier) Mev. Sorina Stander

26 Jan Bestuursvergadering

6 Feb Dankbaarheidsbotteltjies

8 Feb Kerkraadsvergadering 18:00 – Verversings

16 Feb Kerkraadsvroue-vergadering 14:30

4 Mrt Wêreldbiddag vir Vroue

6 Mrt Nagmaal – Blomme en Nuusbrief

16 Mrt Bestuursvergadering (Besprek basaar)

17 Mrt Skole sluit

Ten Slotte

Oud-kerklike liturgiese gebed

Omdat Christus 'n seun van Israel was, bid ons vir ons volk.
Omdat Christus die Seun van die Mens is, bid ons vir die wêreld en alle mense.

Omdat Christus die Woord is, bid ons vir die bedienaars van die Woord en almal wat met die Woord te doen het: onderwysers, pleitbesorgers, skrywers, digters, sprekers.

Omdat Christus 'n kind was, bid ons vir ons kinders dat hulle die geloof sal behou, en bid ons vir alle ouers dat hulle wysheid sal leer om liefde reg te gee en te ontvang.

Omdat Christus eensaam was, bid ons vir elkeen wat alleen moet bly, en vir elke verstotene wat te doen het met 'n wêreld wat nie begryp nie.

Omdat Christus die opstanding is, bid ons vir alle siekes wat aan hulle beddens gekluister is, of moeisaam voortsleep omdat hulle aan 'n kwaal ly.

Omdat Christus brood is, bid ons vir almal wat honger het, en vir sy meegevoel en innige jammerte om te help waar daar nood is.

Omdat Christus geen plek gehad het om sy hoof neer te lê nie, bid ons vir die dakloses, die armes en die verjaagdes.

Omdat Christus die Weg is, bid ons vir almal wat op reis gaan, en bowenal vir elke pelgrim op pad na die Ewige Stad.

Omdat Christus die Blink Môrester is, bid ons vir elkeen wat in geestelike of emosionele donkerte verkeer.

Omdat Christus die Oorwinnaar is, bid ons vir almal wat stryd voer teen die magte van die bose.

En omdat Christus Koning is, bid ons vir alle regeerders, almal wat in 'n posisie van gesag geplaas is – en dat hulle altyd sal weet dat sy Koninkryk kom, waaraan daar geen einde sal wees nie.